DEPUTATE DIAKONALE SAKE

# CURANTIS NUUS

MAART 2026



## IN HIERDIE UITGAWE

1. DDS Sinode terugvoer
2. Zorgvliet Kampterrein
3. Nasionale Diakonale Kongres 2026
4. Noodtoestande
5. Kinderhuise

## 1. DEPUTATE TERUGVOER

### DDS SINODE 2026

Die DDS moes, soos alle ander sinodale deputaatskappe, terug rapporteer by die pas afgelope sinode. Die rapporte vanaf die DDS se tafel het gehandel oor Noodtoestande, die President Kruger Kinderhuise, Bystandsfondse en die SDDS Maatskappy en sy werksaamhede.

Die rapporte is met dank ontvang en aanvaar en ons is dankbaar om voort te kan gaan met ons opdrag soos deur die sinode aan die DDS gegee.

Ons is ook dankbaar dat alle huidige deputate beskikbaar was om te dien vir nog ‘n termyn en ons verwelkom graag 2 nuwe deputate nl. Ds Lohan Linde van GK Kameeldrift en Sr Janie Venter van GK Rietvallei.



Ds Lohan Linde



Sr Janie Venter



**kontak ons**

Anri Kotzee

Skakeldeputaat

071 467 6571

sdds@gksa.co.za OF dds.skakeling@gmail.com

Curantis - DDS van die GKSA

## 2. ZORGVLIET KAMPTERREIN

Die opgraderingswerk by Zorgvliet kampterrein gaan vlink voort en dit is heerlik dat daar soveel gemeentes is wat reeds van die kampterrein gebruik maak. Sedert September 2025 het GK Rietvallei hulle gemeentekamp daar gehou, GK Frankfort was weer daar vir hulle jaarlikse belydeniskamp en GK Bloemfontein-Suid het die fasiliteite gebruik vir hulle katkisasiekamp.















Die kampterrein beskik oor 'n plaashuis en 2 woonstelle / chalets. Hierdie 3 geboue kan tot en met 18 mense akkommodeer.
Dan is daar ook ons "stalle" wat bestaan uit 8 kamers wat elk tans 5 beddens het, maar plek vir nog matrasse om ingedra te word. Ideaal vir groter jeugkampe, ens. Die stalle beskik oor 'n gesamentlike kombuis met groot gasstowe, 'n instap koelkamer, opwasgeriewe ens. Daar is 'n lekker groot ablusieblok wat deur die stalle gebruik word.

Ons het onlangs ook ons kamp staanplekke mooi gemaak. Kampeerders kan nou lekker sag op die gras kamp nadat die besproeiing ingesit en die gras geplant is. Daar is ook krag en water vir al die staanplekke.

Zorgvliet is geleë +/- 8km Noord van Tweeling in die Vrystaat langs die Liebenbergsvleirivier.

Vir enige navrae en tariewe kontak gerus vir Anri Kotzee by sdds@gksa.co.za. Spesiale tariewe geld vir GKSA gemeentes, maar die geriewe kan ook vir persoonlike gebruik gehuur word teen markverwante pryse, soos bv vir 'n familienaweek.

## 3. NASIONALE DIAKONALE KONGRES 2026




Ons is baie opgewonde dat GK Hoëveld en GK Middelburg (Mpumalanga) aangebied het om die 2026 Diakonale kongres aan te bied. Dagboek solank die datum. Meer inligting volg later.

## NASIONALE DIAKONALE KONGRES 2025

As u dalk die 2025 kongres misgeloop het, kliek gerus op die onderstaande skakels vir geskrewe opsommings van die gesprekke wat die dag gevoer is asook die opnames wat gemaak is van die verskillende onderwerpe.

***Kliek hier vir die geskrewe opsommings (vervat in 1 PDF dokument)***

***Kliek op elkeen van die onderstaande skakels wat u na die opname van die spesifieke onderwerp sal neem.***

1. Opening en Onderwerp 1: Diakens in die eerste gemeentes (Prof Albert Coetsee)
2. Onderwerp 2: Samewerking met ander barmhartigheidsorganisasies (Ds Jan-Louis Lee)
3. Onderwerp 3: Kontak en kommunikasie tussen GKSA diakonieë (Ds Peter Venter en Ds Herens (Oupa) Nkoana)
4. Onderwerp 4: Deputate Diakonale Sake - DDS (DS Fritz Potgieter en Ds Anton Dednam)
5. Vraag & Antwoord Sessie

## 4. NOODTOESTANDE

Bogemiddelde reënval in die Noorde van Suid-Afrika en buitengewone droë omstandighede in die Wes-Kaap het die diensgroep vir Noodtoestande sommer vroeg in 2026 besig gehou.

Ons is dankbaar dat, tenspyte van baie uitdagings en benoude oomblikke dat dit nie nodig was vir die DDS om plaaslike diakonieë finansieel by te staan met die brande wat gewoed het in Mosselbaai en die baie reën wat skade aangerig het aan groot gedeeltes in Limpopo en Mpumalanga nie.

'n Noodtoestand wat homself egter stelselmatig in ons midde inwurm is die nood oor die algemeen in ons lanbousektor in Suid-Afrika. Die nood is landwyd en a.g.v. 'n verskeidenheid faktore. Om hierdie faktore self aan te spreek is nie moontlik nie, maar die DDS het dit goedgedink om 'n bystandsfonds in te lewe te roep om boere te help om hulle kinders se skoolfonds en koshuisgeld te help betaal.

Indien u wil bydrae tot hierdie noodfonds, kontak asb vir Anri Kotzee. Die SDDS maatskappy kan ook artikel 18A sertifikate uitreik indien daar individue of besigehde in u gemeentes is wat 'n bydrae wil maak.

**BAIE NB!: Indien u diakonie met gevalle in u gemeente of gemeenskap sit wat kan baad by hierdie fonds, maak groot asb ook kontak met Anri Kotzee by sdds@gksa.co.za.**

OFM het met ds Fritz Potgieter, voorsitter van die DDS en predikant by Bloemfontein-Suid gekontak vir 'n onderhoud oor hieredie fonds.

Kliek gerus op die skakel hieronder om te luister na die onderhoud.

**OFM ONDERHOUD**

## 5. KINDERHUISE

Ons is dankbaar om met u te kan meedeel dat mnr Jaco Wattel vanaf 1 Maart 2026 aangestel is as PKK Reddersburg se nuwe hoof. Kliek **hier** vir 'n kort bekendstelling vanaf Reddersburg Kinderhuis. Ons bid hom en sy vrou, Nicolene die seën van die Here toe op hulle werk.



Die GKSA se twee PK Kinderhuise huisves ongeveer 120 kinders tussen die ouderdomme van 4 en 18 jaar. Albei Kinderhuise probeer ook om kinders wat by hulle matrikuleer te help met 'n heenkome, werk, studies ens na skool.

Die begrotings vir die nuwe finansiële jaar wat 1 April 2026 begin, word eersdaags weer voorgelê vir goedkeuring.

Hou asb hierdie instansies, hulle besture, versorgers, maatskaplike werkers en ander werknemers in u gebede.

# DEPUTATE DIAKONALE SAKE

## SKAKELING



Die DDS nooi u uit om kontak te maak met die deputate in verband met enige diakonale sake. Die deputate groep staan gereed om te help met raad, hulp, inligting en meer.

Ons moedig diakonieë veral ook aan om binne klassis en streeksinode verband skakeling met mekaar te prioritiseer. As diakens word ons geroep om onderlinge meelewing binne die gemeente te bevorder. So, het dit ook groot waarde om die ondersteuning en meelewing van naburige diakonieë te bevorder en te ervaar.

Sou daar enige vrae wees oor diakonale werk in die algemeen, spesifieke kwessies wat u diakonie al mee gekonfronteer was of enige ander vrae wat u graag wil hê moet in hierdie nuusbrief aangespreek word, stuur dit asb deur na Anri Kotzee, Skakeldeputaat van die DDS vir oorweging.

DEPUTATE DIAKONALE SAKE
DDS
EEN GEMEENSKAP IN CHRISTUS



**kontak ons**
Anri Kotzee
Skakeldeputaat

071 467 6571
sdds@gksa.co.za OF dds.skakeling@gmail.com
Curantis - DDS van die GKSA